



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Bevordering van wapenvrye kampusse

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Om gedrag ter bevordering van veiligheid en sekuriteit te beïnvloed, en die optrede van die breër kampusgemeenskap te rig ter bevordering van kampusse vry van gevaarlike wapens.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	9/14/2010
Implementeringsdatum:	2013
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	
Beleideienaar¹	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur
Sleutelwoorde:	Wapenvrye Kampusse, Veiligheid, Sekuriteit, Gevaarlike Wapens, Wapens
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.



BELEID VIR DIE BEVORDERING VAN WAPENVRYE KAMPUSSE

Soos goedgekeur op die Raadsvergadering van 13 September 2010

Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) wil veilige, wapenvrye kampusse verseker vir alle personeel, studente en besoekers. Oortreding van hierdie beleid vir wapenvrye kampusse sal tot dissiplinêre optrede en/of vervolging lei. Hierdie beleid is spesifiek van toepassing op die Stellenbosch-, Tygerberg- en Bellvillepark-kampusse.

Doel

Die beleid het ten doel om gedrag ter bevordering van veiligheid en sekuriteit te beïnvloed, en rig die optrede van die breër kampusgemeenskap ter bevordering van kampusse vry van gevaarlike wapens. Die beleid geld vir alle personeel en studente van die US asook vir besoekers aan die Universiteit se gemelde kampusse.

Uitvoering

Die uitvoering van die beleid word omskryf in bedryfsprosedures wat deur die Afdeling Risiko- en Beskermingsdienste (R&BD) opgestel, gekommunikeer, toegepas en hersien word.

Bepalings

1. Die US is in beginsel ten sterkste gekant teen die dra van gevaarlike wapens op kampus, maar erken die reg van 'n individu om 'n wapen te besit vir selfverdediging, beoefening van 'n wapensport, as deel van 'n versameling of ter uitvoering van amptelike pligte soos polisiëring of gewapende veiligheidsdienste.
2. Gevaarlike wapens word breed gedefinieer as vuurwapens in alle kategorieë soos in die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) omskryf asook ploftoestelle en skerp voorwerpe soos messe, swaarde of skerp gemaakte gereedskap met die doel om iemand te dreig of te beseer.
3. Die US is verbind tot die nakoming van die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) en latere wysigings.

4. Gevaarlike wapens is ongewens op kampus en die dra, vertoon, versteking, berging of gebruik daarvan op kampus, op of in enige Universiteitseiendom en in voertuie word ten sterkste deur die US afgekeur.
5. Waar daar 'n buitengewone rede of motivering vir 'n lid van die kampusgemeenskap is om 'n gevaarlike wapen op kampus te dra, te vertoon, te versteek, te berg of te gebruik, moet vooraf skriftelike toestemming van die Hoof: R&BD of sy of haar gedelegeerde verkry word ná voorlegging van volledige skriftelike motiverings.
6. Die Hoof: R&BD sal poog om buitengewone versoeke op meriete goed te keur, maar ingeval dit nie moontlik is nie, is die Hoof: R&BD of sy of haar gedelegeerde by magte om die draer van die wapen toegang tot die kampus te ontsê.
7. Persone wat weier om aansoek te doen of nie gehoor gee aan 'n opdrag van die Hoof: R&BD of sy of haar gedelegeerde om die wapen vanaf die kampus te verwyder nie kan vervolg word. Vervolging kan insluit dat 'n klag van betreding en/of 'n klag kragtens die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) teen die persoon aanhangig gemaak word.
8. Dienpersoneel van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en personeel van gewapende reaksie- en kontanttransito-maatskappye word uitgesluit van die beperkings as hulle die kampusse in die uitvoering van hul amptelike pligte betree.
9. Peper- en dryfgas-bespuittingsmiddels wat gebruik word vir persoonlike beskerming en selfverdediging word op die kampusse toegelaat. Dit sluit alle algemeen aanvaarde en gebruikte selfverdedigingshulpmiddels in waarvoor nie 'n lisensie nodig is nie. Elektroniese toestelle wat gebruik word om te bedwelm of onkapabel te maak en waarvoor 'n lisensie benodig word, word as gevaarlike wapens beskou en word nie op die kampusse toegelaat nie. Misbruik of ongemagtigde gebruik van toelaatbare items sal beslis ook ingevolge die Universiteit se dissiplinêre prosesse en/of die landswette gehanteer word.

Kontakpersoon

Hoof: Risiko- en Beskermingsdienste

Datum van die weergawe: 14 September 2010